

Inhoud Hierdie preek wys dat die Nagmaal bevestig dat ons ingesluit is en deel in die menswees van Christus van dag na vlees en bloed in die hemel en só met Christus as God versoen is. Die Nagmaal versterk ons geloof in ons vereniging met Christus se menswees vandag en ons geloof aan die kerk as sy liggaam, almal wie hy met Hom verenig. Uit hierdie geloof in Christus en aan sy kerk behandel ons mekaar volgens ons nuwe identiteit in Christus.

Skriflesing Kolossense 17 – 23; 3: 1, 8 – 10, 15. 1 Kor. 11: 23 – 28.

Teks Kol. 1: 22: “maar nou het hy julle deur sy menslike liggaam met Homself versoen, sodat Hy julle heilig, sonder foute en onberispelik voor Hom kan stel.”

Tema Deur die Nagmaal verseël die Here dat ons sy liggaam is.

1. Dit wat die Here vanoggend met u in die Nagmaal gaan doen: Hy gaan aan u verseël dat u deel van sy liggaam is.

In Kol. 1:22 gebruik Paulus 'n besondere uitdrukking, naamlik die “menslike liggaam” van die Here Jesus Christus. Die Grieks direk vertaal is “liggaam van vleis.” Daarom is dit in die 1953 Afrikaanse vertaling nog vertaal as “liggaam van sy vlees”.

Hierdie liggaam van vleis van die Here is sy liggaam as die Eersgeborene uit die dood. (1: 18) Dit verwys nie hier in die eerste plek na sy geboorte as baba nie, na die die liggaam van vleis waarmee Hy die eerste mens is wat uit die dood “gebore” is. Dit is hoe Jesus se opstanding uit die dood hier beskryf word – om de eerste mens met 'n liggaam van vlees, vleis, te wees wat uit die dood uit opgestaan het.

Jesus is vandag 'n mens van vleis en bloed. Dit is hoe Paulus na Jesus verwys in Kol. 3: 1 “Christus wat opgewek is en vandag aan die regterhand van God is.” Jesus, die Eersgeborene, is die eerste mens wat weer mens van vleis en bloed is na Hy dood was in die graf. Daarom is hy die Eersgeborene uit die dood uit.

2. Wanneer Paulus versoening deur die Here se menslike liggaam vir die gemeente in Kolosse aankondig, dan is dit versoening deur Christus se liggaam van vleis en bloed, tydens die skryf van hierdie brief.

Ons word vandag deur die menslike liggaam, nie 'n geestelike liggaam van die Here met God versoen. Nie deur sy gees sonder sy liggaam nie. Paulus stel dit só aan Timoteus: “Want daar is een God, en een Middelaar tussen God en die mense: die mens Christus Jesus wat Homself as losprys vir almal gegee het. (1 Tim. 1: 5,6)

Jesus is vandag die Middelaar van God se beloftes. Om vandag ons Middelaar te kan wees, moet Hy vandag mens wees, nie net in die verlede 'n mens gewees het nie. Sou Jesus nie vandag mens van vleis en bloed gewees het nie, sou Hy nie vandag ons Middelaar kons gewees het nie.

Deur die Nagmaal verseël die Here dat ons sy liggaam is

Jesus is nie vandag 'n gees of iets geesteliks wat binne in ons is nie. Hy is vandag die mens met 'n menslike liggaam, liggaam van vleis en bloed aan die regterhand van die Vader om só ons Middelaar te wees.

Jesus het nie 'n mens kom word en na sy dood in 'n gees verander nie. Hy is nie die Eersgebore gees uit die dood uit nie. Alle mense leef na hul gees voort na hul dood. Jesus is egter die Eersgeborene uit die dood – die eerste mens wat uit die dood uit opgestaan het om weer mens van vleis en bloed te wees.

3. Paulus maak die geloofsoproep dat ons die Here se liggaam in die tekens van brood en wyn in die Nagmaal moet onderskei – ons mag nie die brood eet of die wyn drink as ons nie die Here se liggaam in die tekens kan raaksien nie. Wie dit nie kan doen nie, eet en drink met die Nagmaal 'n oordeel oor Homself.

Watter liggaam van die Here moet ons in die brood en wyn onderskei?

Dit is tog heel eenvoudig. Die Here wys dit in sy eie woord: “Dit is my liggaam – ter wille van julle” en “Hierdie is die nuwe verbond deur my bloed.” Die Nagmaal is tekens van die Here se menslike liggaam, sy liggaam van vleis en bloed.

Wanneer die Here vandag aan ons hierdie tekens gee, dan is dit nie tekens van sy liggaam en bloed wat nie meer bestaan nie, wat weggekwyn het nie. Dit is tekens van sy menslike liggaam wat Hy vandag nog is en het in die hemel.

Die Here gee ons die brood en wyn om aan ons te bevestig wie Hy vandag nog in die hemel is – mens van vleis en bloed! Hy is nie vandag 'n gees sonder 'n menslike liggaam nie.

4. Ons is ingesluit en deel in wie Jesus vandag as mens is en alles wat tussen Hom en God as mens liggaamlik gebeur het.

Paulus noem hierdie eenheid waar ons ingesluit is en deel in wie Jesus as mens is en wat met Hom gebeur het, die “misterie” dat Christus in ons is. (Kol. 1: 27)

Mense is mense met wie die lewe gebeur. Mense word gevorm deur wat met hulle in die lewe gebeur. Mense is nie maar net idees, opvattinge, drome, beelde of geeste nie. Hulle is en leef as mense. Hulle deel hul lewe en alles wat met hul gebeur met mekaar.

Dit is hoe die Here ons verlos – deur ons in te sluit en te laat deel in wie Hy as mens is en wat met Hom as mens gebeur het.

Ons teksvers stel dit só: “maar nou het hy julle deur sy menslike liggaam met Homself versoen, sodat Hy julle, deur sy dood heilig, sonder foute en onberispelik voor Hom kan stel.”

Christus se lyding, kruisiging, dood en begrafnis is wat met Hom en sy lewe gebeur het. God het Hom wat nie sonde geken het nie, ter wille van ons sonde gemaak, sodat ons in Hom voor God regverdig kon word.” (2 Kor. 5: 21) Die Here sluit ons in

Deur die Nagmaal verseël die Here dat ons sy liggaam is

in Homself wat sonde gemaak is in ons plek sodat iets met ons kan gebeur: dat ons heilige mense sonder foute, onberispelik deur God gemaak kan word.

Ons is so ingesluit in wie Jesus vandag liggaamlik is en wie Hy vir ons was.

5. Dit is hoe ons die Here se liggaam onderskei in die brood en wyn van die Nagmaal!

Sy menslike liggaam was gebreek en sy bloed was uitgegiet – Hy het in sy liggaam die toorn, woede, haat, minagting en grimmigheid van God gedra as die mens wat ons sonde gemaak was. Dit het werklik met Hom as mens gebeur en dit is wie Hy vandag is. Ons word ingesluit en deel dit wat met Christus gebeur het, sonder dat dit self met ons gebeur.

Brood eet en beker drink – beteken dat ons glo ons is ingesluit en deel alles wie Jesus vir ons was en is.

Hoe anders kan u vanoggend glo dat dit werklik waar is dat u vir God heilig, sonder foute en onberispelik is? Heilig beteken volmaak in ons liefde vir God!

Niks van ons eie menslike liggame wys enige iets daarvan nie. Inteendeel ons eie menslike liggame wys net die teenoorgestelde – ons is onheilig, vol, foute en moet altyd berispe word!

Daarom wys die Nagmaal ons na die menslike liggaam van die Here in die hemel. Ons is ingesluit in sy menslike liggaam en Hy is heilig, sonder foute en onberispelik, en Hy deel dit met ons sodat dit ons eie identiteit is. Dit gebeur met ons, dit is nie iets wat ons droom nie. Ons deel sy identiteit met Hom en is dat saam met Hom.

6. Ingesluit in Christus se menslike liggaam en versoen met Hom as God!

Versoening met God is weer nie net idees, drome of fantasieë nie. Versoening is die wyse waarop God teenoor ons optree en ons behandel. Dit is gebeurtenisse tussen God en ons. In Homself besluit God om ons barmhartig te wees en nie woedend teen ons op te tree nie, om ons genadig te wees en nie toornig teen ons op te tree nie, om vir ons goed te wees en nie ons sleg te behandel nie, om lankmoedig met ons te wees en nie grimmig nie, om ons lief te hê en nie te haat nie.

Dit is wat elke dag tussen my en God gebeur: ek leef in sy versoening met my. . Dit bevestig die Here vir ons in die Nagmaal met die “beker van die nuwe verbond”. Ons is nie meer deel van die ou verbond waar ons self ons sake met God moet reg maak nie. God sluit my in sy nuwe verbond in waar Hy my behandel met die liefde van sy Seun omdat hy sy Seun behandel het volgens die sondes wat ek doen en is. (2 Kor. 5: 21) Ons leef in die toesegging dat God elke dag, dag vir dag, oomblik vir oomblik Homself met my te versoen en teenoor my op te tree soos Hy teenoor sy eie Seun optree.

Wanneer ons die teken van die Nagmaal gebruik, kry ons die versekering van die Here: ons is sy liggaam! Ons is ingesluit in die menslike liggaam van die Vader se Seun, ons is Christus se liggaam. Ons deel alle wat met die Eersgeborene uit die dood uit gebeur het. Ons is sy liggaam, ons is ingesluit in alles wat met Christus

Deur die Nagmaal verseël die Here dat ons sy liggaam is

gebeur het. Ons is ingesluit in die versoening met die versoening wat die Seun vir ons met God die Vader bewerk.

7. Ons is sy liggaam. Die Nagmaal bevestig dit omdat dit 'n teken is van die liggaam van Christus, sy vleis en bloed. Sy menslike liggaam waarby ons ingesluit is en waardeur ons die versoening met God ontvang.

Dit is hoe ons die liggaam van die Here in die tekens onderskei – ons glo ons eenheid met Christus se menslike liggaam in die hemel. Die kerk is só sy liggaam en daarom glo ons in Christus en ook aan sy kerk.

Paulus noem direk na Hy gewys het op die menslike liggaam van Christus in die hemel, die kerk sy liggaam: vul ek die oorblywende verdrukkinge van Christus aan, tot voordeel van sy liggaam, sy kerk.” (Kol. 1: 24) Ons as gemeente is Christus se liggaam en daarom glo ons aan die kerk.

Ons gebruik nooit die Nagmaal alleen nie. Elkeen wat saam met jou die teken gebruik, gebruik dit dat as teken dat hulle heilig, sonder foute en onberispelik is vir God. En hulle is dit want hulle is ingesluit in Christus. Wanneer jy glo in Christus en wat Hy doen, dan moet jy ook glo dat Hy dit aan al die ander wat saam met my Nagmaal gebruik ook doen. Jy kan nie in Christus glo en nie glo aan wat Hy vir ander doen nie.

Wanneer jy in Christus glo, moet jy aan die kerk glo. En dit beteken jy moet glo dat God hulle elke só behandel: al veroorsaak hulle baie woede word hulle met barmhartigheid behandel. Hy is nie met my toornig nie en ook nie met elkeen wat deel van sy liggaam is nie. Hy haat ons nie vir ons sonde nie, maar het ons lief. Wie? Sy liggaam! Die Nagmaal wys ons dat ons deel is van sy liggaam wat gebreek is en die bloed van sy nuwe verbond – tussen ons en God gebeur versoening elke dag. Daarom glo ons aan sy liggaam, die kerk.

8. Die Nagmaal wys nie dat ons die kerk van die Afrikaners is nie. Ons is nie die Afrikaners se kerk nie, want ons is nie die Afrikaners se liggaam nie. Ons kan nie in die Nagmaal die kerk van die Afrikaners sien nie. Net so min kan ons in die Nagmaal die kerk van die Nasie sien nie. Daar is niks van die Nasie op die Nagmaalstafel nie. U kan nie in die Nagmaal die kerk vir die bekeerdes, die vromes, die goeies, die goddelikes en die spiritueles sien nie. Jesus Christus is nie die Here vir mense wat in groepies byeenkom rondom hulle vroomheid en geestelikheid nie. Hy is die Here van sy liggaam!

Só, wanneer jy die aan die kerk glo, nie in die kerk glo nie, dan glo jy aan hulle wat saam met my ingesluit is is die menslike liggaam van die Here in die hemel en só saam met God versoen is.

Wanneer ons só aan die kerk, die Here se liggaam glo, dan kom Paulus in Kol. 3:1 en stel dat ons nou moet strew na die dinge daarop waar Christus se menslike liggaam is, want dit is waar ons identiteit is, heilig, sonder foute en onberispelik in Christus se menslike liggaam in die hemel!

Deur die Nagmaal verseël die Here dat ons sy liggaam is

Ons moet na ons identiteit in Christus strewe en ontslae raak van woede, driftigheid, kwaadwilligheid en lastering teenoor mekaar. Al hierdie houdinge wys in hoe mense mekaar vloek. Dit is iets anders as net gewone kru-taal. Dit is om in woorde jou woede, driftigheid, kwaadwilligheid en lastering op mense uit te stort.

9. Ons gaan net nou die Nagmaalsbeker, die teken van die nuwe verbond gebruik.

Hiermee gaan die Here aan u bevestig dat Hy nie teenoor jou optree volgens jou sondes nie. Hy het sy Seun volgens jou sondes behandel. God verander sy woede na barmhartigheid vir jou – dit is die beker van danksegging van die nuwe verbond. God verander sy toorn oor jou na genade en sy haat vir wie jy is na liefde. En dit is nie sommer net 'n idee of oortuiging wat jy oor God het nie. Dit is wie God elke dag vir jou is en hoe Hy teenoor jou optree.

Wanneer ons hierdie beker opneem in die geloof ons is die liggaam van Christus, kan ons uit hierdie teken die krag kry dat ons nog steeds teenoor mede-lidmate van die liggaam van Christus kan optree: woedend, driftig, kwaadwillig en met laster? Waar kry ons die krag vandaan om aan te hou om so teenoor die liggaam van Christus op te tree? Jy kan dit nie uit die Nagmaalsbeker kry nie want dit bevestig dat jy by God barmhartigheid kry. God se barmhartigheid, genade goedheid en liefde kan jou tog mos onmoontlik versterk om in woede en kwaadwilligheid teenoor die liggaam van Christus te volhard.

Nou waar kry ons dan die krag vandaan om in hierdie houdings teenoor die Here se liggaam te volhard? Kom ons toets dit aan die Woord. Paulus stel dit in Kol.1:21. Ons was van God vervreem omdat ons weens ons slegte dade ons vyandig teenoor God gehou het. Dit beteken dat jy jou in jou woede, haat en kwaadwilligheid teenoor God verdiep omdat dit die enigste wyse is waarop jy jou sondigheid as jou regverdigheid kan uitleef.

Maar nou gebruik ons die beker van danksegging wat beteken jy kan onmoontlik jou verhard in hierdie houdings teenoor God, want God behandel jou nie met woede, toorn, grimmigheid en haat nie. Jy kan nie meer maak asof God jou vyand is oor die sondes wat jy doen nie. Die enigste krag waaruit jy dit kan kry is om jou van die liggaam van die Here en sy versoening te vervreem. So kan jy aanhou met sonde!

Ons kan dit nie doen nie. Ons glo aan die kerk. Die Nagmaal versterk ons om aan die kerk te glo want dit is hulle wat ingesluit is in die menslike liggaam van die Here, waarby ons ook ingesluit is. Hy is ons sonde in sy lyding, kruis, dood en hel gewees en ons saam met elke ander gelowige wat hierdie teken opneem heilig, sonder foute en onberispelik vir God is.

Ons deel dit met die Here en daarom kan ons aan sy kerk glo! Glo in die nuwe verbond waarin elke lidmaat van sy liggaam opgeneem is. En dan kan ons nie meer ons eie groepies vorm en met kwaadwilligheid teenoor die ander in die kerk optree nie. My eie party vorm en met woede teenoor die ander lede van die liggaam van die Here optree omdat hulle nie aan my party behoort nie. Ons kan nie ons eie groepie van vromes en bekeerde vorm en met driftigheid na lastering teen die Here se liggaam optree asof hulle nie sy liggaam is nie.

Deur die Nagmaal verseël die Here dat ons sy liggaam is

As jy die beker opneem dan glo jy in Christus en aan sy liggaam, sy kerk. Heilig! Ja hulle! Sonder foute! Ja hulle! Onberispelik! Ja hulle ten spyte van al hulle sonde. Want ons is die liggaam van Jesus Christus, versoen met God. Ons glo dit vir mekaar en tree so teenoor mekaar op!